

Van die Lessenaar

Transformasie begin tuis en die SAPV gee die toon aan

Nog 'n AviAfrica is verby. Bywoning was min of meer dieselfdeas verlede jaar en dit het gelyk of die lesingsessies goed bygewoon is. Daar is voorgestel om meer praktiese sessies by die volgende uitstalling te hou en ons sal binnekort met die beplanning daarvan begin. Daar was goeie energie by die uitstalling en ons is oor die algemeen tevrede met die afloop daarvan. Julle voel hopelik dieselfde en soos altyd verwelkom ons enige kommentaar, kritiek en raad om dit volgende jaar te verbeter.

AviAfrica is dié jaar in 'n angsvolle tyd in die bedryf gehou. Daar word dikwels gesê dat ons nie in staat is om aan die behoeftes van Suid-Afrikaners te voorsien nie. Dit is eenvoudig nie waar nie. As dit nie vir invoere was nie sou ons dit kon doen – en ons sou dan ook beter pryse vir ons produkte kon beding. Die eierbedryf volg die braaikuikenbedryf en beide voel die pyn. Ek wens ek kon sê dat die invoer-siekte sal verdwyn, maar totdat die regering nie die handelsbeleid heroorweeg nie, gaan dit vermoedelik aanhou.

Komitees

Kevin Lovell en Marthinus Stander

Hoewel die bedoeling was om die strukture van die komitees en rade vir 'n jaar lank dieselfde te hou, maak die daaglikse eise van boerdery dit onmoontlik. Dit het tot 'n groot gebeurtenis gelei: die eerste swart voorsitter van die SAPV in 112 jaar is aangewys. Ons verwelkom Achmat Brinkhuis tot die pos en hoop hy sal die harde werk wat die posisie behels beide stimulerend en lonend vind.

Willie Bosoga het ook die posisie as voorsitter van die Eierorganisasie aangeneem, ons eerste swart voorsitter van die EO. Ons dank aan Robin Barnsley en Marthinus Stander vir hul onderskeie rolle as voorsitters van die EO en die SAPV.

Die nuwe lede van die SAPV Raad is Achmat Brinkhuis (Voorsitter, EO); Theo Delpont (Vise-voorsitter, BO); Willie Bosoga (Derde Uitvoerende Lid, EO); Adel van der Merwe (EO); Marthinus Stander (BO); Justice Zotwa (BO); Aziz Alie Suliman (BO); Vincent Sharp (EO); Jake Mokwene (Plaasvervanger, BO); Gary Arnold (Plaasvervanger, BO); Colin Steenhuisen (Plaasvervanger, EO); en Jimmy Murray (Plaasvervanger, EO).

Die komitee van die Eierorganisasie bestaan uit Willie Bosoga (Voorsitter, kleinprodusente); Colin Steenhuisen (Vise-voorsitter, grootprodusente); Nic Elliot (Derde Uitvoerende Lid, grootprodusente); Adel van der Merwe (grootprodusente); Jimmy Murray (grootmaak); Achmat Brinkhuis (kleinprodusente); Gawie Rossouw (grootprodusente); Vincent Sharp (laagtelers); Christo Visser (grootprodusente); Professor Thabo Masihleho (kleinprodusente); Marco Torsius (grootprodusente); Dorothy Joseph (kleinprodusente); en Petrus Saal (kleinprodusente).

Die komitee van die Braaikuikenorganisasie bestaan uit Marthinus Stander (Voorsitter, grootprodusente); Aziz Alie Sulliman (Vise-voorsitter, abattoir); Jaco Viljoen (Derde Uitvoerende Lid, broeiery); Blaine van Rensburg (abattoir); Theo Delpont (grootprodusent); Peter Phaahla (kleinprodusent); Cathy Phatsoane (kleinprodusent); Ajallon Zondi (kleinprodusent); Justice Zotwa (kleinprodusent); Jimmy Murray (kontrakteler); Jake Mokwene (kontrakteler); Gary Arnold (broeiery); en Mable Motlhale (kleinprodusent).

Geen omstrede besluite is by die onderskeie jaarvergaderings geneem nie. 'n Formele besluit om aansoek te doen vir die stigting van 'n immergroen trust met die oorskot heffingsgeld is geneem en ons will die aansoek voor die einde van die jaar indien. 'n Opsomming van die besprekings by die strategiese hersieningsessie sal aan lede deurgegee word sodra dit beskikbaar is. Ons is van voorneme om volgende jaar 'n kragtiger strategiese hersieningsproses te hê. Die eerste stap sal 'n spesiale raadsvergadering wees wat deur Achmat uitgeroep is om duidelike doelwitte en mylpale vir die volgende jaar te stel. Die datum is nog nie gefinaliseer nie, maar ek verwag dat dit aan die einde van Julie sal wees. Ons sal julle laat weet wat die doelwitte is sodat almal ons vordering om aan julle behoeftes te voorsien kan volg. Dit sal ons almal help indien lede die sekretariaat of 'n komitee- of raadslid in jou streek kan laat weet wat dit is wat julle van ons verwag.

Pekelwater

Ons hofsaak teen die DvLBV is ingedien en hulle het aangedui dat hulle dit gaan teenstaan. Die aansoek is in twee dele: 'n interdik om te voorkom dat die regulasies in werking tree en 'n hersiening van die regulasies met die bystand van die hof sodat beter regulasies geskep kan word. Ons verwag dat ander partye ook by die hofsaak sal wil aansluit. Ons reken dat 'n hofdatum vir die einde van Augustus moontlik is vir die interdik-gedeelte van die saak.

Ons het verwag dat die media baie aandag hieraan sou skenk en ons was nie teleurgesteld nie! Eenvoudige logika sê dat kostes sal verhoog as jy minder produkte produseer met 'n statiese infrastruktuur. Hoeveel dit verhoog hang af van hoe verbruikers sal reageer in terme van die verpakkinggroottes wat hulle sal koop. Dit is 'n groot voedselprodukt in Suid-Afrika vir die massas. Nie al die mediasterre wat hulle saak stel dien dié mark nie. Ek hoop julle almal beseft dat die aksie oor meer gaan as net die hoeveelheid pekelwaterinhoud. Dié regulasies is nie in staat om slinkse wangedrag deur enige party aan te spreek nie en omdat dit not altyd 'n groot bron van kommer was is ek nie seker dat ons nou swak regulasies moet aanvaar wat waarskynlik vir baie jare toegepas gaan word as ons dit nie nou verander nie.

Ons kan die hofstukke verskaf aan diegene wat in die saak belangstel, soos en wanneer ons dit van die partye af ontvang.

Namibiese hofsaak

Die Namibiese hof het uiteindelik ons saak oor die verbod op kwotas en individuele vinnig gevriesde hoenderstukke aangehoor wat ons marktoegang heelwat verminder het. Die hof het meestal op die tegniese besonderhede van ons aansoek gefokus en daartoe verbind om 'n beslissing aan die einde van Julie te lewer. Daarna sal ons moet teruggaan na een van die twee hooggeregshowe, afhangende van die uitkoms. Die gegriefde party sal gewis teen die uitspraak appelleer en dit sal die saak nog verder vertraag. As behoorlike ontwikkelende bedryfsbeskerming toegepas is, sou niks van dié gebeur het nie.

Na die verhoor het ons 'n bietjie in die supermarkte gaan rondloop. Die pryse van individuele vinnig gevriesde hoenderstukke is meers as 60% hoër in dieselfde supermarktgroep as in Suid-Afrika as die wat nie gepromoveer word nie. Indien ons die Namibiese pryse – wat veronderstel is om op promosie te wees – met die in Suid-Afrika moes vergelyk, sou die prysverskil nader aan 100% gewees het en sou selfs die ekstra vervoerkoste na Namibië insluit. Dit is nie 'n goeie kopie vir Namibiese verbruikers nie. Anders as 'n verskaffer van vars pluimvee wonder ek oor die langtermyn volhoubaarheid van dié plaaslike maatskappy omdat ontwikkelende bedryfsbeskerming, indien ordentlik toegepas, 'n ondersteuningsmaatreël met 'n beperkte leeftyd is.

Eierorganisasie

Die beplanning vir Galliova gaan voort en sal weer op versoek van die komitee in die Wes-Kaap gehou word omdat dit die onkoste sal verminder. Dit is vreemd om te dink dat 'n Wes-Kaapse vergaderplek goedkoper is, maar in werklikheid is die meeste verslaggewers in die Wes-kaap gebaseer en ons spaar op reisonkoste deur dit daar aan te bied.

Wêreldorganise vir Diergesondheid (OIE)

Ek het die Dierewelsyn Werkgroep (DWW) van die OIE bygewoon. Ons het die probleme wat verskeie spesies beïnvloed hanteer en ek was in staat om die verwysingsterme vir 'n standaard vir die massaontvolking van diere ten tye van 'n siekte uitbraak help saamstel. Dit is veral aktueel nadat die onlangse uitbraak van voëlgriep in Amerika die probleme met die ontvolking van groot behuisingseenhede vir diere ontbloeit het. Die OIE het hulle braaikuiken welsynstandaarde opdateer en sal die laag-welsynstandaarde later vanjaar ontwikkel. Die Organisasie vir Internasionale Standaarde het al byna 'n tegniese spesifikasiedokument voltooi wat dit makliker vir plaaslike groepe soos die SABS sal maak om die OIE-standaarde ook plaaslik toe te pas.

Daar is baie werk as 'n lid van die DWW betrokke hoewel dit nuttig vir SAPV-lede is omdat ons nou 'n besadigde stem kan verleen aan sommige van die oorheersende welsynmenings. Verdere kommentaar oor waterbad-verdowing van pluimvee is nodig voor die einde Julie. Daar moet 'n verbeterde standaard ontwikkel word wat in die behoeftes kan voorsien van die groot meerderheid in die wêreld wat dié metode met die slagproses gebruik.

Handel

Itac het aangekondig dat hulle die tariefverhogings wat in 2013 toegestaan is gaan hersien. Dit behels die versameling van data van en onderhoude met die maatskappye wat in 2013 deelgeneem het. Die SAPV het die toneel as't ware voorberei deur 'n voorlegging aan Itac te doen en die algemene perspektief van die bedryf hieroor met hulle te bespreek. Om eerlik te wees het die tariewe vir drie redes geen impak gehad nie: Eerstens is dit te laag, tweedens is dit nie van toepassing op die EU nie en derdens veroorsaak die storting van meganies ontbeende vleis in Suid-Afrika 'n verreikende verdraaiing van die hele waardeketting. Oor die laaste paar jaar was die hoogste gemiddelde vlak van beskerming wat ons geniet het sowat 5% wat nie hoog is volgens enige standarde nie. Wat ons nodig het is tariewe wat hoog genoeg is en wyd genoeg toegepas om die storting van afval in ons land te stop. Daar is geen rede dat Suid-Afrika een van die top tien wêreldwye bestemmings vir pluimveevoere is nie, buiten gierigheid – en gierigheid is hopelik nie iets wat ons nasionaal nastreef nie.

Dit is ook weer tyd om die hernuwing van ons teenstorting belastingtariewe teen vleis-aan-die-been gedeeltes van Amerika af te hernu. Die toegewing aan Amerika vir AGOA was onder die voorwaarde dat hulle nie die vergunning teen ons gebruik met die hersiening van die belasting nie. Hulle kan ons op enige ander punte aanval en ek is nuuskierig om te sien of hulle nuwe aanvalshoeke gaan vind. Hulle groot probleem is dat indien hulle die belasting in 'n hof of by die die Wêreld Handelsorganisasie betwis en dit verloor, dit verreikende gevolge vir hulle handel in afvalprodukte sal hê. Soos julle weet is 'n geslagde heel hoender 'n final produk en nie rou materiaal nie, so daar is 'n onkoste aan verbode. Porsies is duurder om te vervaardig as heel hoenders. Amerika is nie gretig vir sulke duidelike waarhede nie.

Verskeie partye sal in Julie mondelinge verhoë aan Itac rig oor die EU-beskermingsaansoek. Ons is een en hoop dat Itac in 'n posisie is om in Julie 'n besluit te neem. Itac moet hulle voorgenome besluit in 'n "noodsaaklike feitebrief" aan al die rolspelers bekend maak, daarom kan julle moontlik weet wat gebeur het voordat die bulletin gepubliseer word. As ons nie die EU-probleem kan oplos nie, kan dit massiewe skade aan die bedryf veroorsaak. Nog 'n medium-grootte produsent is besig

om sy besigheid toe te maak. 500 mense is reeds afgedank en bykans 40 jaar se maatskappy-geskiedenis gaan verlore. Daar is niks goeds aan invoere nie. Gierigheid is nie goed nie.

Aangesien dit blyk dat dit 'hofgeding maand' is, is dit gepas om julle te laat weet dat ons 'n aksie van stapel gestuur het om die verswakking van die Salmonella-toetsstandaarde reg te stel wat saam met die AGOA-verbintenis in werking getree het. Ons val nie AGOA self aan nie, maar die gesondheidsrisiko's wat ontstaan het omdat die DvLBV geforseer is om laer standaarde vir Amerika goed te keur as waaraan ander lande moet voldoen. Indien julle die aard van die siekte verstaan en Amerika se geskiedenis om dit te hanteer, sal julle weet dat Amerika eerder strenger toetse moet deurgaan as die verswaktes wat nou daar is. Ons is van mening dat die DvLBV tot hulle beter wete daartoe ingestem het. Die hofproses sal die waarheid ontbloom en die probleem hopelik oplos. Amerika kan sekerlik volgens ons standaarde produseer indien hulle regtig wil. Die EU het na alles geen probleem om hieraan te voldoen nie.

Met dié skrywe is die uitvoerdossier vir Saoedi-Arabië nog nie aan die Saoedi-owerhede voorgelê nie. Ons moes 'n paar regstellings maak en daar was 'n paar ander verdragings, maar 'n paar slaggate na die mark van 'n groter uitvoerder is te wagte. Dit is sekerlik die moeite werd.

Algemeen

Ek het verlede maand genoem dat ons saam met die NLB en StatsSa werk om die onreëlmatige statistieke van pryse op te los. StatsSa het ons laat weet dat die probleem ontstaan het toe hulle die manier waarop hulle die pryse van pakgroottes aanteken verander het. Hulle wys nou pryse van sommige algemene pakgroottes en dit het die verdraaiing veroorsaak. Hulle data stem ooreen met ons s'n in die sin dat gemiddelde pryse nie onlangs gestyg het nie. 'n Nuwe bruikbare tendens-lyn sal mettertyd met die data van die nuwe pakgrootte gevestig word. Kyk intussen eerder na die gemiddelde pryse om 'n beter aanduiding te kry van waarheen hoenderpryse gaan.

Met my besoek verlede maand aan die FAO namens die IEC het ek die idee van 'n FAO-ondersteunde boek probeer bevorder wat sal gaan oor die waarde van eiers in menslike voeding en eierboerdery in die ontwikkelende wêreld. Hulle is beslis te vinde vir die idee maar ek dink daar is weerstand teen die hoeveelheid werk wat nodig is om so 'n boek te skryf. Die FAO het 'n soortgelyke oefening oor suiwelprodukte gedoen. Dit is steeds nog nie algemeen bekend dat eiers, wetenskaplik gesproke, die beste beskikbare eetbare bron van proteïen is nie, met suiwelprodukte in die tweede plek en vleis derde met die bronsmedalje.

Die Nederlandse bank Rabobank, het my verlede maand genooi om 'n aanbieding aan hulle hoof kliënte te gee oor die moontlike groei-baan op die Afrika vasteland. Daar is geen twyfel dat die Afrika-mark gaan groei nie. Wat minder seker is is watter lande die vinnigste gaan groei en belangriker, of dié lande in staat sal wees om handelsbeleid toe te pas wat hulle sal toelaat om weens hulle eie produksie te groei eerder as deur invoere van 'n verskeidenheid voornemende lande af. Die meeste Afrika-lande het die vermoë om hulle eie graan vir pluimveeproduksie en ook die pluimvee te produseer. Gaan hulle die beleidsruimte deur hulle vorige koloniale meesters en ander partye gegun word om dit te doen? Die oorskot in die wêreld-pluimveemark moet iewers heen verdwyn en die ontwikkelde wêreld is nie gretig om hulle afval in 'n gat in die grond in hulle eie markte te sit nie. Hulle verkies eerder om 'n gat in die potensiële ontwikkeling van die ontwikkelende lande te maak.

Die DvLBV het ons laat weet dat hulle hulle planne rondom die voorgestelde onafhanklike vleisinspeksiestelsel volgens regskenning wat hulle hieroor ingewin het moet heroorweeg. Ons het geen meer besonderhede hieroor nie, maar ek dink dit is veilig om aan te neem dat die regsmening nie ten gunste van die DvLBV se plan is nie. Dit beteken dat 'n verdrag in die uitvoering van dié plan vermag kan word. Ons ondersteun onafhanklike vleisinspeksie ten sterkste en hoop dat die DvLBV 'n praktiese oplossing vroeër eerder as later kan vind.

Die finale weergawe van die DvLBV se veeartsenykundige strategie is vrygestel. As enigiemand dit wil lees, laat ons weet dan kan ons dit aan julle stuur. Die strategie is ondersteun deur die besoek van die OIE aan Suid-Afrika om ons veeartssenykundige-stelsel te hersien en 'n paar veranderinge voor te stel. Ons verwag dat dierelandbou 'n goeiende sektor in Suid-Afrika sal wees en daarom is dit nodig dat ons veeartsenykundige dienste verander en groei.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beamppte